

Boom van kennis, goed en kwaad – Francois Malan

Martiens vra:

God die Vader het saam met Adam en Eva in die tuin gewandel, maar hulle mag nie van die boom van kennis goed en kwaad geëet het nie.

Eva en Adam het toe van die boom se appels geëet. beteken dit dan dat die duiwel: klaar uit die hemel gegooi is aarde toe voor Adam en Eva se tyd en hoekom is die duiwel uit die hemel gegooi?

Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Die 72 wat Jesus voor Hom uitgestuur het na die dorpe wat Hy nog wou besoek, het teruggekom en met vreugde kom vertel dat selfs die demone hulle aan hulle, sy gestuurdes, onderwerp het op grond van Jesus se Naam. Die dissipels spreek Jesus aan as 'Here' (*kurios*), wat die seggenskap het in God se koninkryk en selfs oor die demone, soos hulle dit, as sy gesante, self beleef het. Jesus sê toe vir hulle: 'Ek het Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val' (Lukas 10:17-18).

Die naam vir die duiwel 'Satan' is afgelei van die Hebreeuse woord wat 'teenstander' of 'aanklaer' beteken, (vgl. sy aanklag en teenstand teen Job en teen alle gelowiges; Job 1:6-12; 2:1-7; Openb 12:7-12). Sy blitssnel skielike val uit die hemel, soos 'n weerligstraal, beteken dat hy nie langer enige aanklag teen 'n mens aan God kan voorlê nie, want Jesus het alle aanklagte teen mense op Homself kom neem toe Hy, die Seun God, mens kom word het, en 'die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en dit vir altyd weggeneem het toe Hy dit die kruis vasgespyker het (Kol 2:14). In Rom 8:33-34 vra Paulus wie sal die uitverkorenes van God aankla? God is die Een wat vryspreek. Wie sal ons veroordeel? Christus het gesterf – meer nog: Dit is Hy wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree (vgl. Ps 110:1). As God ons dan vrygesprek het, kan Satan ons nie meer by God aankla nie.

Deurdadig dat die groot aanklaer uit die hemel uitgewerp is omdat hy niemand meer by God

kan aankla nie, kon die 72 dissipels die duiwels uitdryf en het die demone hulle aan die dissipels onderwerp op grond van Jesus se Naam, die Jesus wat al die versoekings van die Satan weerstaan het (Luk 4:1-13). Die Satan is eers uit die hemelse toegang tot God uitgewerp deurdat Jesus die sonde van die wêreld op Hom geneem het en die straf op al ons sonde namens ons gedra het. Joh 1:29 noem Jesus 'die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.'

Omdat die Satan uit die hemel uitgegooi is, en nou saam met sy engele op die aarde neergegooi is, probeer hy sy heerskappy hier uitoefen (Openb 12:9). In Mattheus 12:24 word hy genoem Beëlsebul, die aanvoerder van die demone. 2 Kor 4:4 noem hom die god van hierdie bedeling. Maar dit beteken nie dat hy toe eers begin het om die mens te verlei nie. Daarmee is hy van die begin af besig, maar nou sonder dat hy die mens by God kan aankla. In Johannes 8:44 sê Jesus 'die duiwel was van die begin af 'n mensemoordenaar en hy staan nie by die waarheid nie. Wanneer hy 'n leuen vertel, vertel hy dit uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar en die vader daarvan is.'

Voor Jesus se koms kon die duiwel vir Job by God aankla (Job 1:9-10; 2:4-5), en het Hy reeds op aarde die mense met leuens verlei, soos vir Eva vir wie hy gesê het: 'Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles sal kan ken' Gen 3:4-5. Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee (Gen 3:6). Die vrou wou soos God wees om alles te kan ken. Dit beteken dat sy self god wou wees. En van daardie dag af leef ons mense almal vir onself terwyl God ons gemaak het om vir Hom te lewe en vir mekaar, as God se verteenwoordigers in sy skepping (Gen 1:27-28).

Skrywer: [Prof. Francois Malan](#)

Die duiwel as aanklaer – Hermie van Zyl

Jan vra:

Boodskapteks: Openbaring 12:7-11 vertel van 'n oorlog wat in die hemel gekom het tussen Migael en sy engele en die draak en sy engele met lg wat uit die hemel op die aarde neergewerp is – die groot draak, die ou slang wat duiwel en Satan genoem word.

Vers 10 sê: “Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.” (1933/53 Afrikaanse Vertaling.)

Uit hierdie verse lyk dit vir my dat Satan terwyl hy nog in die hemel was sekere van “ons broeders” by God aangekla het, dag en nag. Toe hy uitgewerp is uit die hemel het hierdie funksie van hom verval. Maar as mens vers 11 lees, skuif die tyd vorentoe omdat hulle (die broeders) die Satan oorwin het deur die bloed van die Lam en die woord van hulle getuienis.

Iemand verklaar dat die Satan nog in die hemel kan verskyn om ons voor God aan te kla.

Hoe moet mens hierdie verse verstaan asseblief?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag, soos ek dit verstaan, gaan daaroor of die Satan nog steeds gelowiges in die hemel voor God kan aankla, veral in die lig van Op 12:8,10 waar staan dat die Satan uit die hemel gewerp is.

Dat die Satan tradisioneel as die aanklaer van gelowiges bekend gestaan het, moet teen die agtergrond van Job 1:6-9; 2:1-6 verstaan word (kyk ook Sag 3:1-2). In Job word Satan beskryf as een wat toegang het tot die hemel, waar die hemelwesens in God se teenwoordigheid verkeer. So het Satan

vir Job by God beswadder, as iemand wat God net dien omdat dit met hom goed gaan. Wat hierop volg, is bekend: God "oorhandig" Job aan Satan sodat dié met Job kan maak wat hy wil (behalwe om hom dood te maak), om te kyk of Job God nog sal dien as dit met hom sleg gaan. Die Satan as die aanklaer van gelowiges onderlê ook 'n teks soos Rom 8:33: "Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry." En God spreek die "aangeklaagdes" (gelowiges) vry op grond van die soendood van Christus aan die kruis. Daar is dus geen grond vir die aanklagtes meer nie. Dieselfde gedagte kom ook in Op 12:10 voor, waar staan dat Satan die aanklaer van die gelowiges is. Maar na 'n oorlog in die hemel tussen die engele (onder aanvoering van die aartsengel, Migael) en die draak (= Satan) het lg die onderspit gedelf en is toe uit die hemel gegooi (Op 12:7-9). Hierdie "oorlog" is eintlik net 'n beeldryke voorstelling van die oorwinning wat Christus oor Satan behaal het, op grond van sy offerdood aan die kruis (Op 12:11).

Weens Satan se uitwerping uit die hemel kan 'n mens aflei dat hy nou nie meer toegang het tot die hemel nie en gevolglik nie meer die gelowiges by God kan aankla nie. So 'n afleiding is korrek, maar dan moet ons nie die eintlike bedoeling en gevolg van hierdie uitwerpingstoneel uit die oog verloor nie. Hierdie toneel wil nie soseer sê dat Satan nou geen verdere mag het en dat hy geen verdere verwoestingswerk kan aanrig nie, maar wil eerder beskryf wat agter die skerms in die hemel gebeur het en wat die uitwerking daarvan op die menslike geskiedenis is. Satan se uitwerp uit die hemel skuif naamlik die toneel reg vir die verdere konflik tussen die Satan en die kerk op aarde. Aangesien hy geen mag meer in die hemel het nie, rig hy nou sy woede op die kerk op aarde. Dit sal lei tot die finale veldslag waar die duiwel se mag ook op aarde gebreek word, hy dan in die poel van vuur gewerp word en die nuwe hemel en aarde tot stand kom (beskryf in Op 19-22).

Om hierdie toedrag van sake verder te verduidelik, kan ons let op hoe die verhaal in Op 12 ontvou. Dit bestaan uit drie groot

tonele: 1. 12:1-6 vertel hoe die draak probeer om Jesus te vernietig. Hy kry dit egter nie reg nie omdat Jesus sy missie voltooi en in die hemel opgeneem word. 2. 12:7-12 vertel vervolgens hoe die duiwel se mag in die hemel gebreek word. Waar hy altyd in 'n sekere sin nog "vrye toegang" tot die hemel gehad het, word hy nou uitgewerp. Hy het geen plek meer daar nie. Hy verloor sy "reg" om die gelowiges aan te kla. 3. 12:13-17 vertel dan hoe die duiwel, nadat hy die stryd teen God en Christus verloor het, nou sy woede ten volle rig op die kerk op aarde as die volgelinge van Jesus, uiteindelik ook sonder sukses.

In die tweede toneel (12:7-12) vervul vers 10-12 'n besondere rol. Dis eintlik 'n soort tussenpose, 'n lied om die oorwinning oor Satan te vier. Enersyds word die uitbanning van Satan uit die hemel gevier, maar andersyds word daar by wyse van vooruitskouing reeds 'n loflied aangehef oor die oorwinning wat nog gaan kom, so asof dit reeds plaasgevind het. Want die Satan gaan nou sy woede op die kerk laat neerkom. Maar daar word reeds 'n loflied gesing oor die gelowiges wat deur die bloed van die Lam en deur hulle getuienis oor die evangelieboodskap van verlossing, die oorwinning behaal het (v11). Vers 13 tel dan weer die draad by vers 9 op om te sê hoe die duiwel, nadat hy uit die hemel gegooi is, nou probeer om die kerk op aarde te vervolg.

Enersyds moet ons dus sê dat die duiwel inderdaad uit die hemel gegooi is; hy kan nie meer voortgaan om die gelowiges aan te kla voor God nie. In stede van aanklagte het Christus nou met sy versoeningsdood sy plek in die hemel ingeneem en tree Hy vir die gelowiges in by God (Heb 7:25; 9:24). Soos Rom 8:33 sê: "God self spreek hulle vry". Maar dit beteken nie dat die duiwel nie op aarde met sy verwoestingswerk teen die kerk kan voortgaan nie. Inteendeel, hierdie woede van die duiwel sal voortgaan tot en met die wederkoms van Christus. Maar die uiteindelige oorwinning is verseker met die oorwinning van Christus aan die kruis en deur sy opstanding. Dít is juis wat

besing word in die loflied van Op 12:10-12.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Kan die duiwel ons gedagtes lees? – Francois Malan

'n Leser vra:

Waar in die Bybel staan dit dat die duiwel nie ons gedagtes kan lees nie.

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Dit staan nie in die Bybel nie. Inteendeel die naam duiwel (Grieks: *diabolos*) beteken uitmekaar gooi, teenmekaar ophits, te belaster of aan te kla. Die duiwel se strewe is om God en mens uitmekaar te laat gaan. Vir die doel gebruik hy alle moontlike middele en aanknopingspunte. So het die slang vir Eva en Adam verlei met die valse aanbod deur die vrug van die boom van kennis en kwaad vir hulle begeerlik voor te stel om daardeur kennis te kry om soos God te wees wat alles kan ken, met die versekering dat hulle nie sal sterf soos God gesê het nie (Gen 3:4-6). Jesus noem hom 'n leuenaar en die vader van die leuen, van die begin af is hy 'n moordenaar wat verantwoordelik is daarvoor dat die dood in die wêreld ingekom het (Joh 8:44). In die Onse Vader leer Jesus ons bid: laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose

(Matt 6:13). Jesus praat van 'n bose gees en slegte geeste wat in 'n mens woon (Matt 12:43-45). Vergelyk die bose geeste wat die Here uit die besete van Gadara verdryf het (Markus 5:8-9). Al die slegte/bose dinge wat in Mark 7:21-23 genoem word kom uit die mens se hart. Die hart is 'n spreekwoord en beeld vir die mens se gedagtes en begeertes.

Maar Jesus het gekom om die duiwels uit te dryf (Matt 12:28). Die duiwel kan die mens wat in Jesus glo en op Hom vertrou nie meer by God aankla nie, want Jesus het reeds die straf en smet van al ons sonde op Hom geneem aan die kruis. Maar die duiwel probeer nog elke dag om ons weg te lei van God af. As ons by die Here skuil en vra dat Hy die bose gedagtes uit ons verwyder en vervang met sy liefdesgedagtes kan ons die versoekings van die duiwel oorwin. Jakobus 4:7-8 sê: Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Binding van Satan en demone – Hermie van Zyl

Mariana vra:

Kan Satan en demone “gebind” word? Kan gelowiges deur demone beïnvloed word? Die antwoord op demoniese beïnvloeding: “Onderwerp julle aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7). “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan...” (1 Pet. 5:8, My beklemtoning). “Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die

duiwel" (Ef. 6:11). (Let wel, weereens word daar niks gesê van die duiwel of demone wat gebind moet word nie). Hoe onderwerp jy jou aan God en hoe weerstaan jy die duiwel? Wat van Matt. 18:18?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Hier is twee sake ter sprake: 1. die binding van die duiwel/demone, en 2. die moontlike beïnvloeding van gelowiges deur die duiwel/demone.

Ek vermoed die agtergrond van die vrae is die hele verskynsel van duiwelbesetenheid en gevolglike "geestelike oorlogvoering" waar die duiwel "gebind" moet word, en nie maar net die algemene stryd wat elke gelowige daaglik teen die bose voer nie. My antwoord neem dus hierdie agtergrond in ag.

Eerstens die kwessie van die binding van die duiwel of demone. Ons lees net op een plek in die Nuwe Testament van die *binding* van die duiwel, naamlik Op 20:2 waar 'n engel die duiwel *bind* en in die onderaardse diepte gooi, waar die duiwel vir 'n duisend jaar opgesluit word, waarna hy vir 'n kort rukkie vrygelaat word om sy verwoestingswerk aan te rig, net voordat hy en sy trawante finaal verslaan word (Op 20:10).

Ons moet onthou dat Openbaring 'n apokaliptiese geskrif is wat oorvloedig van beeldspraak gebruik maak om sy boodskap oor te dra. Tradisioneel is daar 'n verskeidenheid van interpretasies van Op 20, waarvan die chiliastiese interpretasie een is. Hiervolgens lê die duisendjarige vrederyk nog in die toekoms. Christus keer dan terug vir die eerste keer, bind die duiwel en heers letterlik vir 'n 1000 jaar (die sg Messiaanse vrederyk), waarna die duiwel dan losgelaat word om vir 'n kort rukkie "te heers", net om by die tweede en finale wederkoms van Christus finaal in die poel van vuur, waar die draak en vals profeet reeds is, gegooi te word.

By verre die meerderheid van geleerdes lê Op 20 egter so uit dat die binding van Satan reeds plaasgevind het met die eerste koms van Christus 2000 jaar gelede, en dat ons nou in die simboliese duisendjarige vrederyk leef waar die werk van Satan, hoewel dit steeds voortgaan, beperk word deur die oorwinning wat Christus aan die kruis en deur sy opstanding en hemelvaart behaal het. Slegs “aan die einde van die tyd” (niemand weet wanneer nie) sal Satan sy “normale” verwoestingswerk intensiveer (hy word “losgelaat”), waarna die eindoordeel sal aanbreek. Volgens hierdie hoofstroominterpretasie – wat volle erkenning gee aan Openbaring as simboliese boek wat Christus se oorwinning oor Satan telkens in konsentriese sirkels regdeur die geskrif weergee – is Satan tans gebind (natuurlik relatief gesproke) en leef ons nou in die tyd van die wêreldwye verkondiging van die verlossing en oorwinning wat Christus gebring het met sy eerste koms. (Terloops, 1000 is ‘n simboliese getal – tien [volmaakte getal] tot die mag drie, wat dan die volkome mag van God oor die bose uitdruk.) Punt is: hierdie “binding” van Satan het die algemene betekenis dat die werk van Satan aan bande gelê is met die koms van Christus. Dit is dus slegs ‘n ander – simboliese – manier van beskrywing van wat ons in die Evangelies aantref waar ons lees dat Jesus die duiwels of demone uitgedryf het. So gesien is die binding van Satan saaklik gelyk aan die uitdrywing van die demone deur Jesus. En laasgenoemde het op sy beurt weer die betekenis dat met die koms van Christus die mag van die Bese gebreek is. Jesus is die sterker Een wat die koninkryk van God op aarde vestig en die greep wat die bese het op die mens, verbreek (vgl Luk 11:20).

Verder, Matt 18:18 (“wat julle op aarde bind, sal in die hemel gebonde wees”) het niks te make met die binding van die duiwel nie. Dit handel hier oor die leer- en dissiplinêre gesag van die kerk. “Bind” en “ontbind” is tegniese terme wat met die gesagvolle optrede van die kerk te doen het. Wanneer die kerk optree teenoor lidmate wat volhardend sondig, en hierin

volgens die liefdeswil van God optree, dan sal God die kerk se optrede in die hemel bevestig. Daar is dus 'n korrelasie tussen wat die kerk op aarde "bind" en "ontbind" en God se optrede in die hemel. Die kerk is so die verteenwoordigers van God se wil op aarde. Maar dit is saak vir 'n ander gesprek.

Oor die tweede vraag – of gelowiges deur die duiwel/demone beïnvloed kan word – is die kort antwoord "nee". Gelowiges wat naby Christus leef, het niks te vrees vir die bose nie. Uiteraard hét ons in die algemeen 'n stryd teen die bose wat altyd gereed staan om ons te verlei tot die kwaad, maar dit het niks te make met toevallige binding en beïnvloeding soos om aan 'n "heidense" voorwerp te raak waardeur die bose téén die wil van die gelowige toegang tot sy/haar lewe verkry nie. Die enigste manier waarop die bose beslag kan lê op 'n mens, is wanneer jy doelbewus van God se pad afdwaal en jou met die werk van die bose begin besig hou. Maar so 'n beslaglegging volg eers na 'n lang tydperk van volhardende afdwaling, en het ook nie noodwendig "duiwelbesetenheid" tot gevolg nie. Die gelowige wie se hartlike begeerte dit is om in liefde en toegewydheid teenoor God en die naaste te lewe, het niks te vrees vir die binding deur die duiwel of toevallig duiwelse beïnvloeding nie. Die tekste wat die vraagsteller hierbo aanhaal (Jak 4:7; 1 Pet 5:8; Ef 6:11) sê ook duidelik dat daar maniere is om met "duiwelse beïnvloeding" te handel in die normale gang van sake.

Die groot saak is dat ons nie duiwelgefokus of duiwelbehep moet lewe nie. En ek is bevrees dat die hele bedryf rondom "geestelike oorlogvoering" 'n vorm van duiwelbeheptheid is. Ons fokus moet op Christus en God wees, nie op die duiwel nie. Die duiwel en sy trawante is slegs die donker skaduwees wat sigbaar word wanneer die helder lig van Christus se oorwinning oor alle vyandelike magte in die wêreld, daarop val. Solank ons op die Lig fokus, hoef ons ons nie te veel aan die skaduwees te steur nie. Die duiwel is nie ons aandag, kragte en energie werd nie. Dan bekom hy 'n status wat hy nie verdien

nie. Soos Paulus in Kol 3:2 sê, ons moet ons gedagtes rig op die dinge daarbo, nie op die dinge wat op die aarde is nie. (Met “dinge op die aarde” word bedoel alles wat ons hier kan betower en kan aftrek van ons lewe saam met Christus.) Natuurlik moet ons nie naïef wees oor die verwoestingswerk wat deur die bose aangerig kan word nie. Maar die manier waarop die bose beveg moet word, is nie deur op hom te fokus nie; fokus eerder op die Een wat sterker is. By Hóm skuil ons. En hoe langer en meer ons dit doen, hoe minder word die behoefte om notisie te neem van die bose.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)